DEEL 112 | WEEK 24 | 18 JUNIE 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR







# JEUGDAG OOK KONSENTRASIE-KAMPDAG

Lede van die FAK-Kultuurnetwerke in die Vrystaat het op Jeugdag, 16 Junie, ter herdenking van Konsentrasiekampdag in samewerking met verskeie organisasies, waaronder AfriForum, Die Voortrekkers, Suid-Afrikaanse Weermagvereniging se veterane en ander, kransleggings gehou by die Heilbron-, Kroonstad-, Vredefortweg- en Potchefstroom-konsentrasiekampe.

Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die FAK, het gesê: “Presies 121 jaar gelede is die verskroeideaardebeleid afgekondig. Die allerverwoestende en onmenslike beleid was die begin van bitter lyding. 16 Junie 1900 het ’n diep en onuitwisbare letsel op duisende gesinne en families gelaat en vir geslagte Afrikaners se volkskarakter gevorm. Die FAK-Kultuurnetwerke het in sewe konsentrasiekampkerkhowe oor die land heen, waaronder vier in die Vrystaat, kranse gelê ter herdenking aan die 22 000 kinders wat gesterf het. Dankie aan elke organisasie wat saamgewerk het om dit moontlik te maak. Ons onthou!”

Die Heilbron-distrik het die ongemaklikheid van die Britse teenwoordigheid gevoel kort nadat die dorp op 7 Junie 1900 ingeneem is. Soos in Winburg, is leë huise deur die soldate geplunder en voedsel is ingeperk vir gesinne wie mans op kommando gehad het. Namate die Boere-aktiwiteit toegeneem het, moes die distrikte ontruim word. Frankfort is deur die Britte afgebrand en hierdie mense moes ook ’n heenkome vind. Die mense is in leë wonings in Heilbron gehuisves en was soms ongemaklik oorvol. Eers nadat die dorp oorvol geword het, is tente opgerig. Hierdie kamp het bestaan van Februarie 1901 tot Januarie 1903 met ongeveer 1106 sterftes.

Jan-Danie Malan, projekorganiseerder van FAK-Kultuurnetwerke in die Vrystaat, het gesê: “121 jaar terug is ons voorouers by die konsentrasiekampe ingedwing, maar vandag staan ons vrywillig saam om eer te betoon aan ’n geslag van smarte, gewond maar nie oorwonne. Ons voorouers het vir ons ’n pad uitgetrap wat maklik begaanbaar is en waarvoor ons dankbaar moet wees. Die stigting van die FAK en Die Voortrekkers het direk uit die ellende van Norvalspont-konsentrasiekamp gekom en is hoop gebore.”



Regs na links: Jasper van der Bijl, Vegkop-direksievoorsitter, Jan-Danie Malan, projekorganiseerder van FAK-Kultuurnetwerke in die Vrystaat, Quarta Pretorius, Nellien Scheepers.















# NGWATHE: MEER PRODUKTIEF, MINDER MORS

Heilbron se sakelui en inwoners het talle idees oor hoe Ngwathe geld kan bespaar en sy bates meer produktief kan aanwend. Só sê DA-raadslede nadat hulle sakegroepe en inwoners dwarsoor Ngwathe verlede week genooi het vir voorstelle. Dit volg op 'n eenparige besluit onlangs deur die stadsraad om vermorsing en korrupsie hok te slaan, en sy talle bates meer produktief aan te wend (Herald, 11 Junie). Die raad se finansiële Taakspan moet dit nou ondersoek.

"Ngwathe soek nou idees oor hoe om verder te kom met sy geld, veral deur vrugtelose en onproduktiewe uitgawes te verminder, en korrupsie te keer," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel. Hy sê planne is ook nodig oor hoe Ngwathe inkomste kan verdien uit sy bates, sommige onbenut, soos Heilbron se ontspanningsoord, die Mimosa-tuin in Parys, en verhuurbare munisipale geboue en persele.

Hy sê DA-raadslede vra lank reeds dat die bestaande hidro-elektriese kragstasie in Parys weer in bedryf kom. "Dit is intussen gevandaliseer, maar was Parys se enigste bron van munisipale krag totdat Eskom ons sedert 1945 begin voorsien het." Schoonwinkel sê Parys se rioolaanleg is ook 'n kwarteeu gelede herontwerp en toegerus om elektrisiteit uit rioolgas op te wek, hoewel meeste van die toerusting nou verweer of gesteel is.

Rdl Carina Serfontein, DA-koukusleier in Ngwathe, sê daar daar is reeds gawe steun "en interessante idees" van 'n tiental inwoners en groepe uit Heilbron, Parys, en Tumahole ontvang. Dit sluit in die herleef van die munisipale groentetuin in Vredefort asook Parys se vorige komposaanleg, en die herstel van ligskakelaars sodat straatligte nie meer bedags brand nie. "Dit toon opnuut ons gemeenskappe het ywerige en talentvolle individue en groepe wat ons dorpe wil uitbou en laat vooruitgaan."

# PARTYTJIES NOU MAKLIKER GEMAAK

Fun-Tastic Parties & Hire het Vrydag, 11 Junie 2021 hulle besigheid te Ringerstraat 68, Heilbron, geopen. Nicolene Roos het reeds in 2017 besef Heilbron het 'n behoefte aan 'n partytjieplek nadat sy vir haar seuntjie 'n Paw Patrol Party wou hou. Geen produkte was hier bekombaar wat by die tema sou pas nie en moes sy baie moeite doen en alles laat druk. Op daardie stadium kon sy nie so 'n besigheid oprig nie omdat sy gefokus was op haar hoenderboerdery, maar het dit in 2019 a g v Eskom gestaak. As 'n besigheidsvrou en mense-mens het sy besluit om 'n koffiewinkel in 2020 saam met Cemon Snyman te open, maar weens die Covid-19 uitdagings moes die besigheid sy deure toemaak. Nicolene blaai nou 'n nuwe bladsy om en begin haar nuwe partjiebesigheid wat kindertafels en -stoele, 'n springkasteel en nog vele meer items uitverhuur. Sy bied ook Sand Art as vermaak aan en maak partytjiebokse op volgens jou behoeftes. Haar mikpunt is om 'n goeie diens vir die dorp te bied en met 'n hart vir mense wil sy volgens elkeen se "budget" steeds 'n lekker verjaarsdagpartytjie vir elke kind kan hou. Gaan loer gerus in of kontak vir Nicolene by 082 553 6555 om jou kind se droompartytjie te vier.







*Op die foto bo vl: Mandie Piek, Surene Strydom, Nicolene Roos en Sonja Jacobs. Inlas foto: Nicolene Roos.*

# KENNISGEWINGS

## HPK & MEJ VILJOEN (T3279/2010) LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T3279/2010 passed by 1. LOUISA MARIA MEIRING ID: 531029 0057 007** married out of community of property. (Bare dominium owner) 2. LOUISA MARIA KEEVE Identity number 280708 0025 089 ( usufructuaty) in favour of HENDRIK PETRUS KLOPPER VILJOEN, Identity number 430130 5019 083 and MARIA ELIZABETH JOHANNA VILJOEN, Identity number 430423 0025 084, Married in Community of Property to each other in respect of certain FARM BAKENS KRAAL NR 1371 District Heilbron, Province Free State which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Bloemfontein on this 15th day of JUNE 2021.

**NOORDMANAS AT LAW.**
**4 7TH STREET, ARBORETUM,**
**BLOEMFONTEIN,**
**E-MAIL: melecia@noordmans.co.za**
**TEL: 0510119122**

## HPK VILJOEN (T786/1986) LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T786/1986 passed by WILLEM MARTINUS PETRUS MARAIS Identity number: 350624 5018 000,** married in community of property with WILHELMINA GERTRUIDA MARAIS in favour of HENDRIK PETRUS KLOPPER VILJOEN, Identity number 430130 5019 000, married in community of property to MARIA ELIZABETH JOHANNA VILJOEN in respect of certain FARM LUSHOF NR 1649 District Heilbron, Province Free State which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Bloemfontein on this 15th day of JUNE 2021.

**NOORDMANAS AT LAW.**
**4 7TH STREET, ARBORETUM,**
**BLOEMFONTEIN,**
**E-MAIL: melecia@noordmans.co.za**
**TEL: 0510119122**

## HPK & MEJ VILJOEN (T9448/2008) LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T9448/2008 passed by 1. SAREL ARNOLDUS CILLIERS RAUTENBACH (Bare Dominium owner) Identity number: 560510 5036 082,** Married out of community of property. 2. LOUISA MARIA RAUTENBACH (usufructuary) Identity number: 280708 0025 006, unmarried in favour of HENDRIK PETRUS KLOPPER VILJOEN, Identity number 430130 5019 08 3 and MARIA ELIZABETH JOHANNA VILJOEN, Identity number 430423 0025 084, Married in Community of Property to each other in respect of certain FARM LENS NR 822 District Heilbron, Province Free State which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Bloemfontein on this 15th day of JUNE 2021.

**NOORDMANAS AT LAW.**
**4 7TH STREET, ARBORETUM,**
**BLOEMFONTEIN,**
**E-MAIL: melecia@noordmans.co.za**
**TEL: 0510119122**




# SMALLS

## HPK VILJOEN (T7909/1985) LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T7909/1985 passed by 1. JOHANNA CORNELIA STEVENSON (Born MARAIS) Identity number: 530410 0036 004,** Unmarried. 2. GLODINA CATHARINA NEL Identity number: 541129 0048 002, married out of community of property 3. JOHANNES STEFANUS MARAIS Identity number: 570629 5044 009, Unmarried in favour of HENDRIK PETRUS KLOPPER VILJOEN, Identity number 430130 5019 001 married in community of property with MARIA ELIZABETH JOHANNA VILJOEN in respect of certain FARM BOSCHKOPPIES NR. 288, District Heilbron, Province Free State which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Bloemfontein on this 15th day of JUNE 2021.

**NOORDMANAS AT LAW.**
**4 7TH STREET, ARBORETUM,**
**BLOEMFONTEIN,**
**E-MAIL: melecia@noordmans.co.za**
**TEL: 0510119122**

## HPK VILJOEN (T12957/1980) LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T12957/1980 passed by LOURENS JOHANNES CHRISTOFFEL VILJOEN (Born on 31 December 1913)** in favour of HENDRIK PETRUS KLOPPER VILJOEN (Born on 30 January 1943) in respect of certain THE FARM LENS A NR 1630 District Heilbron, Province Free State which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Bloemfontein on this 15th day of JUNE 2021.

**NOORDMANAS AT LAW.**
**4 7TH STREET, ARBORETUM,**
**BLOEMFONTEIN,**
**E-MAIL: melecia@noordmans.co.za**
**TEL: 0510119122**

## HPK VILJOEN (T3524/1974) LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T3524/1974 passed by LIDIA MARGARETHA KOEGELENBERG (Born Marais on 9 June 1938)** previously Kleynhans, previously Naude, married out of community of property with HELMUTH KOEGELENBERG in favour of HENDRIK PETRUS KLOPPER VILJOEN born on 30 January 1943 in respect of certain REMAINING OF THE FARM RAFFIDAM NR 1650 District Heilbron, Province Free State which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Bloemfontein on this 15th day of JUNE 2021.

**NOORDMANAS AT LAW.**
**4 7TH STREET, ARBORETUM,**
**BLOEMFONTEIN,**
**E-MAIL: melecia@noordmans.co.za**
**TEL: 0510119122**

## HPK & MEJ VILJOEN (T18231/2003) LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T18231/2003 passed by PIETER GERHARDUS MARAIS Identity number 360301 5025 008 and MARIA MAGDALENA PIETRONELLA MARAIS Identity number 391215 0036 088,** married in community of property to each other in favour of HENDRIK PETRUS KLOPPER VILJOEN, Identity number 430130 5019 083 and MARIA ELIZABETH JOHANNA VILJOEN, Identity number 430423 0025 084, Married in Community of Property to each other in respect of certain FARM PORTION 1 OF THE FARM RAFFIDAM NR 1650 District Heilbron, Province Free State which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Bloemfontein on this 15th day of JUNE 2021.

**NOORDMANAS AT LAW.**
**4 7TH STREET, ARBORETUM,**
**BLOEMFONTEIN,**
**E-MAIL: melecia@noordmans.co.za**
**TEL: 0510119122**


LAE PRYSE VIR JOU
elke dag
SPAR
SOOS OP TV
Kellogg's Graanvlokkies 1 kg
ONS LAAGSTE PRYS
49 99
SOOS OP TV
SPAR Vars Melk met Verlengde Raklewe Slegs Volroom of Lae-Vet 2 liter
ONS LAAGSTE PRYS
Kry R2 af
Rewards-klante betaal
R24 99
SOOS OP TV
Kellogg's Kitsnoedels 5 x 70 g
ONS LAAGSTE PRYS
Kry R2 af
Rewards-klante betaal
R17 99
SOOS OP TV
SPAR Medium-Vet Gladde Jogurt (Squillos uitgesl.) 6 x 75 g
ONS LAAGSTE PRYS
KOOP ENIGE 2 VIR
22 00
SOOS OP TV
Beacon Sjokoladeblokke Verskeidenheid 80 g
ONS LAAGSTE PRYS
KOOP ENIGE 2 VIR
20 00
SOOS OP TV
SPAR 100% Vrugtesap Versnit (Verskeidenheid) 1 liter
ONS LAAGSTE PRYS
KOOP ENIGE 2 VIR
30 00
Twinsaver Luukse Toiletpapier (2-laag) 18
87 99
Sunlight 2 in 1 Spring Sensation, Lavendar of Tropical Handwaspoeier 2 kg
38 99 per pak
KOOK SOOS 'N MEESTER-SJEF
SPAAR TOT 75%
op MasterChef aluminium kookware
SPAR
KOOP
VERSAMEL
SPAAR
*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.
Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) vanaf 15 Junie tot en met 20 Junie 2021,
terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. TV produkte landwyd beskikbaar. Pryse sluit BTW in.
Nie beskikbaar in die Upington en Keimoes Area, KwaZulu-Natal, Die Laeveld of Belfast Area, Wes of Oos -Kaap.

# WEEK VIER-EN-TWINTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

Dood is deel van die lewe, hoe ironies dit ook al mag klink. Ek gebruik nie die woord "oorlede" nie, want dood is wat dit is: dis dood. Om nooit weer terug te kom nie. Die tema is dalk effens morbied vir vandag, maar nodig, dink ek.

Ek het 'n vriendin wie die lewe al lelik bygekom het: sy was swanger met 'n tweeling (dit was die vierde en vyfde kinders in die gesin) toe haar man dood is in 'n motorongeluk. Die tweeling was 18 maande oud toe een van hulle dood is. Heelwat later is daar derde seun ook dood in 'n motorongeluk.

Ek gebruik eendag die geykte uitdrukking in ons gesprek: "Die Here weet mos vir wie Hy hierdie dinge moet gee, vir mense wie dit sal kan hanteer." Dis mos wat die mense rondom jou sê, veral diegene wat nog niks weet van die dood nie.

"O, nee," sê sy, "Hy gee dit eers vir jou, en daarna gee Hy vir jou krag om dit te kan hanteer." Sy het my oë daarvoor oopgemaak.

Elkeen het sy of haar eie manier om die dood van iemand te verwerk. Niemand rondom jou kan vir jou 'n resep gee nie: dit is ook nie minder seer om 'n ouer as 'n kind te verloor nie. Vir sommige mag dit lyk dat die verlies van 'n kind erger is, omdat ons logika graag wil hê dat die oueres eerste moet doodgaan.

Ek het by 'n vriend wat onlangs 'n kind aan die dood moes afstaan 'n artikel gekry hieroor, en dit is op my hart om dit met julle te deel, want baie keer weet iemand nie hoe om met sy vriend of vriendin te gesels wie 'n geliefde aan die dood verloor het nie. Die artikel is geskryf deur Angela Miller en as jy "A Bed for my Heart" gaan Google, behoort jy dit vinnig op te spoor. Ek is seker dat dit nie net van toepassing is op ouers wat kinders verloor het nie, maar op enige persoon wat daardeur moes gaan.

1. Die persoon gaan dood, maar liefde gaan nooit dood nie. Daar is nie 'n dag in jou lewe waar jy nie aan die persoon dink wat nie meer daar is nie. Jy wil so graag vasklou aan hierdie herinneringe dat jy elke dag die persoon iewers ervaar, of die naam van die persoon sê of aan iets tasbaars raak wat 'n band met hierdie persoon gehad het. Dit is normal. Jy is steeds lief vir die persoon wat dood is, net soos wat iemand anders steeds lief is vir 'n lewende persoon. Joune is net nie meer daar nie.

2. Ouers (my byvoeging: almal) wie rou, vorm 'n band met mekaar. As jy in 'n geselskap is en verwys na 'n geliefde wat dood is, sal iemand, met wie dit ook gebeur het, daarop reageer. Hulle gaan dadelik 'n gesprek daaroor begin waar hulle vreemde harte vir 'n oomblik vriende gaan word, omdat hulle dieselfde seerkry deel.

3. Jy gaan vir altyd rou. Niemand gaan jou oortuig om aan te beweeg nie, niemand gaan vir jou sê dat jy daarvan moet vergeet nie. Daar is geen einde aan jou routyd nie. Hoekom nie? Want soos reeds genoem gaan jou liefde nie dood nie. Jy gaan alleen deur Kersfees, jy onthou hulle verjaarsdae, jy sien die leë plek. Dit is vir altyd daar. Jy gaan hulle altyd mis. Jy gaan altyd daaroor hartseer wees. Dis dit.

4. Hierdie is 'n klub waar jy nie kan bedank nie, maar die lede hiervan het die mooiste siele denkbaar. Niemand nooi jou om hierby aan te sluit nie, niemand kan jou uitskop nie. Die lekkerte hiervan is dat die ander klublede jou kan help om hierdie te oorleef en om 'n verskil te maak in iemand anders se seerkrylewe. Hierdie is die klub vir dapperes: sommiges begin nuwe bewegings teen byvoorbeeld dronkbestuurders, of 'n stigting waar boelieslagoffers gehelp word omdat hulle hulle seer in iets positiefs wil verander.

5. Die leë stoel of kamer of spasie in die huis word nooit minder leeg nie. Jy sal altyd hierdie persoon mis. Maak vrede daarmee. Jy hoor hulle in iemand se lag, wanneer jy met iemand gesels, 'n mooi liedjie luister, in 'n fliek sit, wanneer jy 'n boek lees.

En ook wanneer jy stil is.

Jy mis hulle. Maak daarmee vrede.

6. Dit maak nie saak hoe lank gelede die persoon dood is nie, vakansietye sonder hulle word nie makliker nie. Daar is altyd 'n vars herinnering, al is die persoon reeds jare dood. Jy sal dalk nie jou arm of 'n been, selfs 'n nier mis as jy dit nie meer het nie, en hou herinnering daaraan sal dalk later heeltemal vervaag. Maar jy sal die persoon wat dood is, altyd mis. Vir altyd en altyd. En dit is reg so.

7. Omdat jy weet hoe die diepste hartseer voel, weet jy ook hoe ongelooflike vreugde voel. Om oor iemand te rou, beteken nie dat jy nooit weer gaan lag nie of vreugde ervaar nie. Inteendeel, die vreugde wat jy nà so 'n gebeurtenis ervaar, gaan baie dieper as vantevore. Ek wil graag haar direkte woorde hier gebruik, want my vertaling daarvan gaan nie so diep sny nie. Angela Miller skryf: "Because I've clawed my way from the depth of unimaginable pain, suffering, and sorrow, again and again – when the joy comes, however and whenever it does – it is a joy that reverberates through every pore of my skin and every bone in my body. I feel all of it, deeply: the love, the grief, the joy, the pain. I embrace and thank every morsel of it. My life is more rich and vibrant and full, not despite my loss, but because of it."


Mag jy, wie ook iemand aan die dood verloor het, hierdeur versterk en bemoedig word. My eie ondervinding hiervan is dat jy nooit leer om iemand, vir wie jy lief is, se dood aanvaar nie. Jy leer net bloot om daarmee saam te leef.

Sela.

# PANEEL 9



*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*




# RETIEF SE BOODSKAPPER

**Quarta Pretorius**

Die opskrif by hierdie paneel in die Monument is "Rapport van Retief se onderhandelinge met Dingaan". Die paneel dra ook die naam Blydevooruitzicht (Blye Vooruitsig). 'n Boodskapper te perd kom by die Voortrekkers aan met die nuus dat Retief die Zoeloekoning uDingane besoek het en dat hulle tot 'n vergelyk oor grondgebied gekom het. Dit het die vooruitsig versterk dat die Trek binnekort afgehandel sou wees en 'n veilige heenkome in Natal gevind sou word. Vandaar die benaming "Blye Vooruitsig"

Op die paneel word alledaagse bedrywighede tydens die Groot Trek uitgebeeld. Die man regs agter kom van 'n jagtog terug met 'n bokkie oor sy skouers. Die vrou regs voor is met naaldwerk besig en die man oorkant haar maak 'n skoen reg. Links agter is 'n werker besig om rieme te brei. Die rieme wat uit bees- of wildsvelle gesny is, is in 'n bondel oor 'n boomtak gehang en onder aan 'n houtboog met 'n swaar klip vasgemaak. Die breier het dan 'n stok deur die houtboog gesteek en in 'n sirkel om en om geloop om die rieme op te wen, heen en weer. So is die rieme deeglik gebrei en saggemaak. Net reg vir gebruik.

Die beeldhouer was Hennie Potgieter.



*Paneel 9.*

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30 | **Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

# KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING AAN DEBITEURE EN KREDITEURE**

**Registrasienommer van boedel:** 3208/2021
**Van:** Van Jaarsveld
**Voorname:** Elizabeth Maria
**Identiteitsnommer:** 2601180025085
**Laaste adres:** Gang D, Kamer 8, Huis Bron-van-Heil, Heilbron
**Datum oorlede:** 12 Maart 2021
**Meesterskantoor:** Bloemfontein
Skuldeisers in bogenoemde boedel word versoek om hulle vorderings in te lewer en skuldenare om hulle skulde te betaal by die ondergetekende binne 30 dae vanaf 18 Junie 2021.
**GERDA SMALL PROKUREURS**
**WATERSTRAAT 22**
**PARYS, 9585**
**TEL: 056 817 6026**
**VERW: G SMALL**

**KENNISGEWING**

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE LEFU PETRUS MOCHOENENG, Identiteitsnommer: 690818 5433 081** in lewe 'n Toesighouer, woonagtig te Perseel 2671, Mamfubedu, Petrus Steyn, 9640, getroud binne gemeenskap van goedere met **ELISA MOCHOENENG, Identiteitsnommer: 680817 0397 087.**
**Datum van afsterwe:** 11 Januarie 2019
**BOEDELNOMMER: 001426/2019**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**Kennisgewing vir publikasie:** 18 Junie 2021
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

Form JJJ

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T5260/1985** passed by **THE EXECUTOR IN THE ESTATE OF THE LATE SCHALK WESSEL JACOBUS VAN DER SANDT** in favour of **ALIDA MARIA VAN DER SANDT,** Identity Number 360216 0009 007, unmarried in respect of
Portion 3 of the farm Hoekfontein 277, District Heilbron, Province Free State
Measuring 140, 8624 (One Hundred and Forty Comma Eight Six Two Four) Hectares held by
Deed of Transfer T5260/1985
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publicaion of this notice.
Dated at Heilbron this 15th day of June 2021.
**APPLICANT: PP VAN DER MERWE**
**VAN DER MERWE & PARTERS INC.**
**ADDRESS: 47 ELS STREET, P.O. BOX 58**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL ADDRESS: merlaw@phillaw.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2041**

## SKOOLTERMYNE

| OPEN | SLUIT |
|---|---|
| 3 Mei 2021 | 9 Julie 2021 |
| 26 Julie 2021 | 1 Oktober 2021 |
| 11 Oktober 2021 | 15 Desember 2021 |




## POSTNET HEILBRON

**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00

***Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006***

## JAARBEPLANNER

**JUNIE 2021**
25 Jun. - AP Kerk (Verkopings)
**JULIE 2021**
23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)
30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)
30 & 31 Jul. Boeretreat Classic (Vrydagaand-vermaak: Fatman - maksimum 250 persone)
**AUGUSTUS 2021**
6 , 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)
**SEPTEMBER 2021**
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)
**OKTOBER 2021**
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa. 19/6 | 2/18 | Sonnig |
| So. 20/6 | 3/15 | Sonnig |
| Ma. 21/6 | 3/18 | Sonnig |
| Di. 22/6 | 4/19 | Sonnig |
| Wo. 23/6 | 5/20 | Sonnig |
| Do. 24/6 | 4/19 | Sonnig |
| Vr. 25/6 | 3/18 | Sonnig |
| Sa. 26/6 | 3/18 | Sonnig |
| So. 27/6 | 3/17 | Sonnig |




## Ondervind u probleme om duidelik te hoor?

**HEAR4LIFE**, 'n gehoorpraktyk van Pretoria, **besoek Heilbron** weer op

**VRYDAG 25 JUNIE 2021.**
Gehoortoetse en apparate teen Mediesefonds tariewe.
**PLEK: HUIS BRON-VAN-HEIL**

Hear4Life

**Skakel /WhatsApp Ria 063 959 3028 vir afsprake.**

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**

Muller Draaiwerke

**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***


**BLOEDSKENK DATUMS**
Save life Give blood
**27 Julie**
**28 September**
**23 November**

# TE KOOP

**VOER TE KOOP**
**Skakel**
**083 688 8256**
**K0746**

*Winkelure*
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span. ***Kontak Jackie Wessels 072 936 5925***



# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067
VLEISSENTRAAL

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)


***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za























































## NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)

## ANNUAL BUDGET 2021/22 - 2023/24

The Municipality Budget for the financial year ending 30 June 2022 is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 22 of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the proposed 2021/22 Medium – term Revenue and Expenditure Framework.

**Table 1 Consolidated Overview of the 2021/22**

| R thousands | Actual Budget 2020/21 | Adjusted Budget 2020/21 | Budget Year 2021/22 | Budget Year 2022/23 | Budget Year 2023/24 |
|---|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 804 456 | 840 598 | 882 440 | 937 381 | 982 696 |
| Total Operating Expenditure | 823 642 | 859 784 | 902 413 | 942 145 | 984 542 |
| ***Surplus/(Deficit) for the year*** | -19 186 | -19 186 | -19 973 | -4 764 | -1 846 |
| Total Capital Revenue | 119 119 | 135 419 | 157 404 | 131 687 | 155 132 |
| Total Capital Expenditure | 120 819 | 135 686 | 157 404 | 131 687 | 155 132 |

Total operating expenditure for the 2021/22 financial year amounts to **R 902.4 million**, the total Revenue amounting to **R 882.4 million** and translates into a budgeted deficit of **R19.9 million** (this is due to including non-cash items, amounting to R19.9 million). The total Capital budget for 2021/22 financial year amount to **R 157.4 million** which is funded by National Treasury Grants.

**The Council of Ngwathe Local Municipality, on the 28 May 2021, approved the 2021/22-2023/24 Budget.**

The copy of the budget is available on the municipal website
www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to :**

**Bruce Kannemeyer**
Municipal manager
Tel: 056 816 2700

**Hopolang Lebusa**
Chief Financial Officer
Tel: 056 816 2700

Themba Mpindo
Acting Budget and Expenditure Manager
Tel: 056 816 2700



# Op reis na (n)êrens

DEEL 14

## OOM DANIE SKRYF...

*deur Albie Schoeman*

Grendelstraat 350
Locktown
2021

11 Maart 2021

Liewe dominee Braam

Dit is oom Danie wat skryf. Net ingeval Dominee vergeet het. Oom Danie verjaar vandag. Die tannie sê die tyd vlieg. Sy sê, my ou man, net gister was jy nog 67...

Dis dieselfde grappie van laas jaar, Dominee. Toe lag Oom weer soos laas jaar anders gaan daar nie eetgoedjies wees nie.

Dominee Braam moet nie te veel bekommer oor 'n geskenk nie. Net nie sokkies nie. Die tannie gee dit. Wyn is altyd welkom. As Dooms skaam is vir die bottelstoor moet Dooms net praat. Oom kan maar self gaan uitsoek. Dooms moet net sê hoeveel bottels dan kan Dooms later met my reg maak.

Het Dominee gehoor tant Koekie Brandt by Huis Moeggeploeg het amper lelik seergekry. Die staf het vir haar tagtigste, 'n verjaarsdagkoek gebak. Dominee, hulle sê daar was soveel kersies hulle moes die kante ook gebruik.

Met haar longe en die masker kon sy nie die vlamme baasraak nie en voor iemand kon keer, toe spuit sy dit met sanitizer... Toe spuit ou Sarel, wat by die misipaal gewerk het, die vlamme èn hulle almal met die brandblusser. Toe lyk die eetsaal soos Krismis in Switserland, as Dominee verstaan wat Oom bedoel.

Dominee moet dringend 'n draai gaan maak. Hulle het ou Sarel geskors en wil hom voor die Zondo Kommissie daag. Hy weier. Hy sê hy het sy regte en wil eers met die top ses praat. Ek neem aan dit is Dominee en Matrone en die hoofouderling en wie nog, Dominee?

Dominee weet nie dalk van 'n geleentheid Durban toe en terug nie. Oom en die tannie wil graag bietjie weg kom uit die dorp voor die winter ons vat. Ons wou eintlik PE toe. Die tannie ken mense daar, maar met die naam wat gaan verander, is ons bang ons kry nie die plek nie.




Klein Danie sê hy dink jy spreek hom “Gebrekag” uit. Met 'n “Gg...” voor en 'n “gg...” agter soos 'n Bolander dit sou sê. Dominee, verstaan?

Daantjie sê sy buurman sê hy dink Gebrekag is 'n goeie naam nou dat byna alles in PE tot niet gegaan het. Die tannie sê in daai geval gaan nog baie dorpe se name verander. Dink Dominee sy is reg?

Sy sê swaer Koos sê by hulle stry hulle al maande of dit Bangkrotta of Platsaka moet wees. Sy sê as ons nie gou spring nie, word al die mooi name gevat. Sy het nogal 'n sagte plekkie vir Moertoe, maar sy dink dit is te Afrikaans. Sy sê Fokolé is miskien meer inklusief. Skuus vir die taal, Dominee.

Dominee, ek wil nou nie uit die huis praat nie, maar Kleindaan se vroutjie raak al weer broeis. Sy sê hulle moet kyk vir 'n derde enetjie, maar Kleindaan sê twee is genoeg. Hy sê hulle moet eerder gaan vir 'n hondjie. Ek dink Dooms moet gaan uithelp. Met raad, Dominee.

Die tannie soek ook 'n hondjie. Toe sê ek wat van 'n laatlammetjie? Toe was dit baie stil in die huis vir 'n week.

Dooms, Oom en die tannie begin darem weer praat. Oor koeitjies en kalfies, maar nie oor laatlammetjies en hondjies nie.

Die verwarring met plekname kom 'n lang pad, dominee Braam. Vriend Cobus vertel sy oom op Warmbad het laasmaand soutvis van die Kaap af bestel. Die koerier dog eers die plek is Badplaas en teen die tyd dat die vis op Warmbad aankom, was dit al 'n grensgeval. Dominee, hulle gooi toe maar die ekstra pak sout, wat saamgekom het, op die vis, nooi 'n paar mense en eet dit op een slag op.

Hy sê dit was nie 'n week nie toe bel sy tant Lenie uit die Kaap om te hoor of Oupa Neelsie se as veilig saam met die vis opgedaag het...

Shame, Dominee dit klink nou lelik, maar ek dink nie hulle gaan ooit vir Oupa Neelsie vergeet nie. Die tannie sê sy dink ook nie hulle gaan gou weer vis eet nie. Seker ook waar, Dominee.

Maar wag, Doompie, kyk waar staan die tyd al. Die tannie sê as ek nie nou opstaan nie, maak ek self die bed op.

Groete vir Mevroutjie.
Oom Danie.

***(Dooms, ek wou nog sê julle moet mooi dink oor Huis Moeggeploeg se naam. Die tannie sê dit klink baie soos plaas. Netnou kom vat hulle die plek sonder vergoeding. Ek sê nie so maklik met Koekie en ou Sarel daar nie!)***

Skets Erkenning: Mia Marais

# HEILBRON Duiwenuus

Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Bloemfontein. Dit was 'n Combine wedvlug waarin ± 600 duiweboere en ± 10 000 duiwe deelgeneem het. Dit maak dit moeilik vir die Heilbron duiwe om uit daardie pakke uit te breek. Hulle gaan gewoonlik verby en moet terugdraai wat hul gemiddelde spoed verminder.

Altwee wedvlugte is deur Zenith Hokke A & B gewen. Die dokter se duiwe is sover kookwater en die wenner van die ope wedvlug se gemiddelde spoed was nogtans 86 km per uur.

**BLOEMFONTEIN JAAROUD**

| | |
|---|---|
| 1. Zenith Hokke A | 2. Zenith Hokke B |
| 3. OJ's Hokke | 4. OJ's Hokke |
| 5. Zenith Hokke A | 6. Zenith Hokke A |
| 7. Zenith Hokke A | 8. Zenith Hokke A |
| 9. Stemmett Hokke | 10. OJ's Hokke |

**BLOEMFONTEIN OPE**

| | |
|---|---|
| 1. Zenith Hokke B | 2. Zenith Hokke A |
| 3. F Viviers | 4. F Viviers |
| 5. F Viviers | 6. Crause & Seun |
| 7. Zenith Hokke A | 8. Zenith Hokke B |
| 9. Zenith Hokke A | 10. Stemmett Hokke |




*Die Vaal Posduif Unie se vragmotor wat Heilbron se duiwe kom oplaai.*

# MISHANDELING VAN BEJAARDES

✦ **HEILBRON KLINIEK**

## Sterf op my voete

***(Nie vir sensitiewe lesers)***



*"Dit was 'n benerige bondeltjie mens wat op die bed lê: bene opgetrek, arms oor haar gesig soos 'n fetus in die baarmoeder smekend om genade ...*
*'Moet my nie slaan nie,' hoor ek haar vra 'Ouma? Ouma Lenie? Waarvan praat Ouma?' Haar oë flikker verwilderd toe sy een hand se vingers sprei. Ek sien vrees weerkaats in die wit afgeleefde vier-en-negentig-jarige kykers. Die bondeltjie word kleiner. 'Asseblief'. Ek het probeer knyp. Van gister af. Ek sou toilet toe gaan as ek kon, maar ek kan nie. Ek weet ek maak jou kwaad. Moet my asseblief nie slaan nie. As jy dan moet, maak dit net drie?' Gekreukelde trane loop tussen haar vingers deur en ek sien hoe die bondeltjie bene inmekaar krimp in afwagting vir 'n verskriklike klap of iets dergliks. 'Ouma Lenie, wie slaan jou? Hoekom slaan iemand jou?' 'Sy, Of jy. Of iemand dan. Elke keer.*
*Elke keer as my doek nat is maar my Here Jesus weet, ek kan nie help nie. Ag, jy weet ek skree vir God om my te kom haal elke keer as jy jou belt afhaal. Ek is so jammer. Ek sal ophou eet en drink dan is my doeke minder vuil en nat. Asseblief ek probeer'. Nou kan ek nie meer glo wat ek hoor nie. Hoor ek reg?*
*My hart slaan toe. Bot toe ....*
*Haar hande in verweer opgehou: oud, gekreukel, stukkend. Sy ruk en huil trane sonder water, sy verdrink in vrees en ek besef die waarheid: Ouma Lenie kan haarself nie meer verdedig nie en hier is iets verkeerd. Baie verkeerd. Wat gaan ek doen? Kameras wys later die mishandeling: die hande wat moes kyk, was die hande wat martel: drie houe met 'n nat doek, sewe houe met meer .... Ouma Lenie is intussen hemel toe. Ja, sy loop daar doekloos rond.*
*Mag God vergewe. Mag God die martelhande vergewe. Ek sukkel ...*
*Vader sal U waghou oor die lot van ons oumense?*
*Die wat deur kinders verlaat en verstoot is.*
*Kinders wat nooit gaan kuier nie.*
*Kinders wat nie meer omgee nie.*
*Oumense wat kinderloos is.*
*Dankie vir die wat wel omgee ...*
*Sal U asseblief meer liefdevolle werkers gee in outehuise vir Ouma Lenies?*
*Maar Vader, sal U my asseblief kom haal terwyl ek nog op my voete kan staan?*

***Erkenning: Margaret Bennett***

# WHEN PARENTS GET OLD ...

Let them grow old with the same love that they let you grow ... let them speak and tell repeated stories with the same patience and interest that they heard yours as a child ... let them overcome, like so many times when they let you win ... let them enjoy their friends just as they let you ... let them enjoy the talks with their grandchildren, because they see you in them ... let them enjoy living among the objects that have accompanied them for a long time, because they suffer when they feel that you tear pieces of this life away .. let hem be wrong, like so many times you have been wrong and they didn't embarrass you by correcting you ... LET THEM LIVE and try to make them happy the last stretch of the path they have left to go; give them your hand, just like they gave you their hand when you started your path! ("Honour your mother and father and your days shall be long upon the earth") - God.

# HERALD *Sport*


Heilbron GHOLFKLUB
BOKKEDAG
25 & 26 Junie

Vrydag afslaan 11:00
Saterdag afslaan 09:00
IPS Formaat

Baie Vleispryse!

Inskrywings sluit
23 Junie 2021 om 17:00
Inskrywings by: 083 620 7018
R350 per dag / R600 vir beide dae
Kostes sluit halfway en aandete in



Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Help us keep girls in rural areas in school by donating a pack of sanitary pads in our bins in-store
MILLION COMFORTS
HELP US CARE FOR GIRLS, BY KEEPING THEM IN SCHOOL
Participating brands have committed to match every pack donated equally
063 721 4950 087 527 0723



Late-Nite Video
Heilbron
MINI MARK VOOR DIE WINKEL ELKE SATERDAG
GRATIS STALLETJIES
ELKEEN IS WELKOM!
LANGS ABSA
072 807 7790
076 868 3837


JAARPROGRAM : 2021
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 14 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 4 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 2 OKTOBER | OPE PRYS SKIET | 09:00 |
| 2 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |


WEISSENTRAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller
060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar
060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager
079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe
082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber
082 489 7424
Villers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior)
061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee
082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald
082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)



BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 21 JUNIE 2021
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

DINSDAG - 22 JUNIE 2021
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Pieter Venter 060 678 3876

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 23 JUNIE 2021
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

SCHWEIZER RENEKE: CORALTA SAVM
8STE PRODUKSIEVEILING
165 Skape
11:00, plaas Coralta
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

DONDERDAG - 24 JUNIE 2021
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

THEUNISSEN: LEEUWBULT BONSMARA
3DE PRODUKSIEVEILING
87 Beeste
11:00, Whitfield
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

VRYDAG - 25 JUNIE 2021
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID
www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za



AVBOB-LEDE ONTVANG GRATIS BEGRAFNISVOORDELE*
VAN AVBOB BEGRAFNISDIENS WAT DIE VOLGENDE INSLUIT:

Begrafnis ter waarde van R12 000
R2 500 vooraf
GRATIS vervoer van die oorledene in Suid-Afrika

Kontak die volgende tak vir meer inligting:
HEILBRON: (058) 852 1300
Heilstraat 54A, Heilbron

Jy kry dit ALLES *bo en behalwe* jou volledige polisuitbetaling.
Dis alles 100% GRATIS* vir AVBOB-lede.

A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA
Bepalings en voorwaardes geld. Gratis begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien AVBOB Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. AVBOB is 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer. AVBOB is 'n vlak 2 SEB-bydraer. FDV 20656. Besoek www.AVBOB.co.za
AVB-HEH-210506
AVBOB
ONDERLINGE GENOOTSKAP